basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE ASSESSERING
ALGEMENE ONDERWYSSERTIFIKAAT (AOS)

2023 GRAAD 9 PROEFSTUDIE

Vak: Afrikaans Eerste Addisionele Taal

Punte: 70

Tydsduur: 150 Minute
15 minute leestyd **uitgesluit**

Hierdie toets bestaan uit 21 bladsye, uitgesluit die voorblad.

Instruksies aan die leerder:

1 Jy sal 15 minute leestyd ontvang voordat jy hierdie vraestel beantwoord.

2 Lees al die instruksies en vrae noukeurig deur.

3 Beantwoord al die vrae.

4 Beantwoord al die vrae in die antwoordboek wat verskaf word.

Die toets begin op die volgende bladsy.

Moenie omblaai voordat jy gesê word om dit te doen nie.

Vraag 1: Leesbegrip

Lees die onderstaande teks en beantwoord die daaropvolgende vrae.

Pretoria-meisie pak luislang toe hy haar worshond probeer vang

1 Daar is geen gevaar wat die 19-jarige Danielle de Kock nie sal keer om haar diere te beskerm nie – nie eens ’n luislang van 3,5 m nie.

2 As daar nou een ding is wat die meeste mense sal laat weghardloop, is dit ’n slang, maar nie vir Danielle de Kock nie. Dié jong vrou, wat saam met haar gesin op ’n plaas naby Roodeplaat buite Pretoria bly, het Sondag haar hond van dié groot luislang gered.

3 Toe haar ma Sondagmiddag met die honde gaan stap het, het sy ’n groot lawaai gehoor wat geklink het soos honde wat baklei. “Ek hardloop toe in die rigting van die bakleiery. Op pad soontoe begin my ma skree dat iets ons worshond, Coco, gebyt het.”

4 Toe sy nader gaan het sy tussen die bossies ’n luislang wat om haar worshond gedraai was, gekry. “Dit was ’n redelike groot luislang, ek dink hy was so 3.5-meter, maar ek is nie seker nie. Die slang was twee keer om Coco gedraai. Ek het gedink hy is klaar dood,” vertel sy tranerig.

5 In ’n poging om haar worshond te red, gryp Danielle toe die luislang se stert, lig dit op en slaan dit teen die grond. “Ek het dit ’n paar keer gedoen. Die slang het Coco laat gaan, maar was nog steeds effens om die hondjie gedraai. Coco het toe om sy lewe begin veg,” vertel sy.

6 “Toe ek weer kyk, probeer die slang my aanval, maar gelukkig het hy my mis gebyt. Die slang was meer op my gefokus as op Coco. Dit het my kans gegee om vir Coco te gryp en weg te hardloop.”

7 Alhoewel die worshond twee bytplekke op sy been gehad het, was daar geen ander beserings nie. “Toe ek by die huis kom, het ek net geskree: ‘Dankie tog!’ Ander mense kan dalk dink dis geluk, maar ek dink dit was ’n absolute wonderwerk dat ek en Coco niks oorgekom het nie.”

8 Danielle, wat vyf honde, perde en ’n voël as troeteldiere het, was nog altyd ’n groot diereliefhebber. Haar grootste wens is om ’n verskil in diere se lewens te maak. “En dis nie net my eie troeteldiere waarvoor ek sal veg nie, ek het ook al jakkalsies gered toe my honde hulle wou aanval.”

9 Danielle se pa, Danie, het bygevoeg dat sy ’n hondsdolheid-inspuiting na die voorval met die jakkalsies moes kry, nadat een van die jakkalsies haar gebyt het.

10 “Ek het altyd gedink ek wou ’n veearts word om ’n verskil in diere se lewens te maak, maar nou besef ek, ek hoef nie noodwendig ’n veearts te wees om diere te red nie.”

Aangepas van: https://www.netwerk24.com/huisgenoot/nuus/pretoria/meisie-pak-luislang-toe-hy-haar-worshond-probeer-vang-20230315

1.1 Wat wou die luislang probeer vang?

A haar voël
B haar perd
C haar worshond
D haar jakkals (1)

1.2 Watter dag van die week het hierdie gebeurtenis plaasgevind?

A Maandag
B Sondag
C Saterdag
D Woensdag (1)

1.3 Wat is die betekenis van die woord “beskerm” in Paragraaf 1?

A om iemand veilig te hou
B om iemand goed te laat voel
C om iemand rustig te laat voel
D om iemand vas te hou (1)

1.4 Wie is Coco in die teks?

A Die naam van haar ma.
B Die naam van haar plaas.
C Die naam van haar worshond.
D Die naam van haar luislang. (1)

1.5 Wat het Danielle gedoen om haar worshond te red?

A Sy het op die slang se kop getrap.
B Sy het die slang met ’n stok geslaan.
C Sy het die slang met water gegooi.
D Sy het die slang teen die grond geslaan. (1)

1.6 Hoeveel keer was die slang om die hond gedraai?

A drie keer
B een keer
C vyf keer
D twee keer (1)

1.7 Hoe weet ons dat Danielle haar worshond gered het?

A Sy kon daarin slaag om die slang amper dood te maak.
B Sy kon daarin slaag om vir hom ’n inspuiting te gee.
C Sy kon daarin slaag om met hom weg te hardloop.
D Sy kon daarin slaag om die slang betyds te sien. (1)

1.8 Wat noem ons ‘n mens wat baie lief is vir diere?

A dierefilantroop
B diereliefde
C dierebeskerming
D diereliefhebber (1)

1.9 “Die slang is so skelm soos ’n jakkals.”

Benoem die beeldspraak in die bostaande sin.

A metafoor
B vergelyking
C personifikasie
D hiperbool (1)

1.10 Watter stelling van Danielle is ’n feit?

A Danielle is dapper en braaf.
B Danielle is bang en versigtig.
C Danielle is gebyt deur die slang.
D Danielle is gebyt deur die hond. (1)

1.11 Hoekom het Danielle gedink dat dit ’n ‘wonderwerk’ was? (Paragraaf 7)

A Hulle het niks oorgekom nie.
B Hulle het nie seergekry nie.
C Hulle het gedink die hond is dood.
D Hulle het gedink die slang is dood. (1)

1.12 Watter stelling is waar?

A Danielle is deur die honde gebyt.
B Danielle is deur die jakkalsie gebyt.
C Danielle is deur die slang gebyt.
D Danielle is deur die perde gebyt. (1)

1.13 Wat is die verskil tussen ’n huisdier en ’n wilde dier?

A Die wilde dier is veilig om te vertroetel en die ander een is onveilig.
B Die wilde dier is lief vir mense en die ander een is nie.
C Die huisdier is veilig om te vertroetel en die ander een is onveilig.
D Die huisdier is versigtig vir mense en die ander een is nie. (1)

1.14 Daar is ’n slang in die gras.

Wat is die betekenis van die bogenoemde idioom?

A Iets is nie belangrik nie.
B Iets is nie reg nie.
C Iets is in die gras.
D Iets is reg. (1)

1.15 “Ek het gedink hy is klaar dood.”

Watter emosie dink jy het Danielle ervaar?

A hartseer
B simpatie
C empatie
D seer (1)

1.16 Wat is die hoofgedagte van die teks?

A ’n Mens moet ’n veearts wees om diere te red.
B ’n Mens hoef nie alle diere te red nie.
C ’n Mens moet net jou troeteldiere red.
D ’n Mens hoef nie ’n veearts te wees om diere te red nie. (1)

1.17 “Toe ek by die huis kom, het ek net geskree: Dankie tog!”

Wat is die doel van die uitroepteken in bostaande sin?

A Dit dui dapperheid aan.
B Dit dui opgewondenheid aan.
C Dit dui dankbaarheid aan.
D Dit dui moedeloosheid aan. (1)

1.18 Wat beteken die woord ‘effens’? (Paragraaf 5)

A ’n rukkie
B ’n bietjie
C ’n stukkie
D ’n poginkie (1)

1.19 Wat dink jy is die joernalis se gevoel oor Danielle se optrede?

A Die joernalis dink Danielle is ’n heldin.
B Die joernalis dink Danielle is sterk.
C Die joernalis dink Danielle is versigtig.
D Die joernalis dink Danielle is ’n lafaard. (1)

1.20 Watter groep mense sal dit geniet om hierdie teks te lees?

Mense wat …

A diere gesond maak.
B diere aanhou.
C lief is vir diere.
D wilde diere aanhou. (1)

1.21 “Alhoewel die worshond twee bytplekke op sy been gehad het, was daar geen ander beserings nie. (Paragraaf 7)

Watter gevoel skep die onderstreepte woorde by die lesers?

A ’n Gevoel van verligting.
B ’n Gevoel van vrede.
C ’n Gevoel van woede.
D ’n Gevoel van opwinding. (1)

‘Dié jong vrou het Sondag haar hond van dié groot luislang gered.’

1.22 Wat is die joernalis se toon in hierdie sin? (Paragraaf 2)

A dankbaar
B bewondering
C skepties
D sinies (1)

1.23 Wat sou gebeur het as Danielle nie betyds in die rigting van die bakleiery gehardloop het nie? (Paragraaf 3)

A Die worshond sou dood gewees het.
B Die worshond sou die slang gebyt het.
C Die worshond sou weggehardloop het.
D Die worshond sou weggekruip het. (1)

1.24 Watter afleiding kan jy oor Danielle maak nadat jy die leesstuk gelees het?

A Danielle is dapper en sal veg om haar troeteldiere te red.
B Danielle is dapper en sal veg om wilde diere te red.
C Danielle is dapper en sal veg om luislange te red.
D Danielle is dapper en sal veg om enige dier te red. (1)

1.25 Watter gevolgtrekking kan jy maak nadat jy die teks gelees het?

A Moet nooit so baie diere aanhou nie.

B Moet nooit moed opgee nie.

C Enige iemand kan enige dier red.

D Enige iemand kan ’n verskil maak. (1)

[25]

Vraag 2: Visuele tekste

2.1: Advertensie

Lees die onderstaande teks en beantwoord die daaropvolgende vrae.

Slegs **EEN** *Mozzi*-byt kan jou doodmaak.



Het jy geweet? ...
Meer as **200 miljoen** nuwe gevalle van malaria word jaarliks aangemeld.

Moenie deel van die groeiende statistiek word nie.
Koop **ACTIVO tablette** vir malariabeskerming

Activo gesondheid
Ons gee om vir JOU!

Geen voorskrif word benodig nie!

Om meer uit te vind, gaan na www.eenbytkanjoudoodmaak.co.za

Aangepas en verwerk vanaf: https://www.international news/facts in detail/malaria

2.1.1 Watter produk word hier geadverteer?

A Activo tablette
B Voorskriftablette
C Hoofpyntablette
D Gesondheidstablette (1)

2.1.2 Wie is die teikengehoor?

A Mense wat in malariagebiede woon of besoek.
B Mense wat malaria gekry het.
C Mense wat deur muskiete gebyt word.
D Mense wat nie deur muskiete gebyt word nie. (1)

2.1.3 Hoekom is **"200 miljoen"** in vetgedrukte woorde?

A om die gehoor te verwar
B om die gehoor bang te maak
C om die gehoor se aandag te trek
D om die gehoor deurmekaar te maak (1)

2.1.4 Identifiseer die stylfiguur 'Zzzz' in die spraakborrel.

A alliterasie
B assonansie
C klanknabootsing
D hiperbool (1)

2.1.5 Hoekom word die muskiet in die prentjie groter as die seuntjie uitgebeeld?

A Dit beklemtoon dat die seuntjie bang is.
B Dit beklemtoon die gevaar van een muskietbyt.
C Dit beklemtoon dat die muskiet sterker is as die seuntjie.
D Dit beklemtoon dat die seuntjie sterker is as die muskiet. (1)

Vraag 2.2: Strokiesprent

Lees die onderstaande teks en beantwoord die daaropvolgende vrae.

RAAM 1 **RAAM 2** **RAAM 3**

Bron: Neelsie en Meester, 3 Mei 2015

2.2.1 In watter plek speel die strokiesprent af? (1)

2.2.2 Wat is die verhouding tussen die twee persone in die strokiesprent? (1)

2.2.3 Hoekom voel die karakter in Raam 1 hoopvol? (1)

2.2.4 Waarom is die situasie in Raam 3 snaaks? (2)

2.2.5 Verduidelik in jou eie woorde wat in Raam 2 gebeur. (2)

2.2.6 Hoe voel Neelsie in Raam 3? (1)

2.2.7 Wat is die boodskap van die strokiesprent? (1)

2.2.8 Dink jy Neelsie het respek vir Meester? (1)
Gee 'n rede vir jou antwoord.

[15]

Vraag 3: Opsomming

Lees die teks hieronder en maak `n opsomming oor tekens wat aandui dat jy aan jou selfoon verslaaf is.

1. Skryf **SEWE** volsinne.
2. Nommer jou sinne van 1- 7.
3. Skryf slegs **EEN** feit per sin.
4. Gebruik sover as moontlik jou eie woorde.
5. Jou opsomming moet tussen 50-60 woorde lank wees.
6. Dui die getal woorde wat jy gebuik het aan die einde van jou opsomming in hakies aan.
7. Jy hoef nie `n titel vir jou opsomming te gee nie.

TEKENS WAT AANDUI DAT JY AAN JOU SELFOON VERSLAAF IS

Selfone is ’n groot deel van ons daaglikse lewe en ons voel ons kan nie daarsonder nie. Baie mense is verslaaf aan hul selfone.

As jy jou daaglikse take begin afskeep, moet gevaarligte begin flikker. Dit kan konflik tussen jou en jou familie veroorsaak.

Selfs in ’n restaurant sien jy gereeld mense wat op hul selfone is in plaas daarvan om met mekaar te gesels en te kuier. So kan jy kosbare oomblikke saam met vriende en familie misloop. Is dit iets waaraan jy en jou vriende ook skuldig is?

Die vrees om sonder jou selfoon te wees kan party mense angstig maak as hulle dit nie by hulle het nie, dit noem ons nomofobie. Slimfone kan mense se tyd steel. As jou lewe later net om jou selfoon draai, moet jy weet jy is verslaaf. Jy begin meer tyd in die kuberruimte as in die werklike lewe spandeer.

As jy mense begin ignoreer om eerder tyd met jou selfoon te spandeer, gaan jy later jouself so isoleer dat jy eensaam gaan word. As jy konstant met jou selfoon besig is, kan dit tot fisieke probleme soos oog- en spierpyne lei.

Gedurige gebruik van selfone kan jou spelvermoë só verswak dat jy nie meer weet hoe om korrek te spel nie.

Dit is‘n goeie plan om professionele hulp te gaan soek as jy aan een of meer van hierdie gebruike skuldig is. Dit is nooit te laat om hulp te kry om ’n sosiale gebalanseerde lewe te lei nie.

Verwerk en aangepas van: Rooi Rose, April 2023

[10]

Vraag 4: Taalstrukture- en konvensies

Lees die onderstaande teks en beantwoord die daaropvolgende vrae.

Oupagrootjie (88) laat nog die speke sing

1 Kobus van Heerden (88) van Centurion het Sondag sy 21ste Kaapstad-fietstoer voltooi. Hy was die oudste persoon wat op dié dag aan die fietstoer deelgeneem het.

2 Hy is ‘n afgetrede vlugingenieur van die Suid-Afrikaanse Lugmag. Hy spog met die rekord vir die meeste vliegure op een van die militêre vliegtuie.

3 Kobus, gebore in Junie 1934, het eers op 65 begin fietsry. Die gogga het hom gebyt toe sy dogter en haar man saam met hul groep vriende elke jaar die wedren van 109 km aangepak het.

4 Sy susterskind en naamgenoot, Kobus Engelbrecht, het hom Sondag ondersteun op die roete om die Kaapse Skiereiland. Sy skoonseun het ook Sondag se fietstoer suksesvol afgelê.

5 Kobus, ‘n oupagrootjie met vier kleinkinders en drie agterkleinkinders, maak seker dat hy die aand voor die tyd spaghetti bolognaise of maalvleis en rys eet. Op die roete het hy gewoonlik ‘n piesang of twee en sy gunsteling, Liquorice Allsorts, byderhand vir ekstra energie.

6 Hy oefen gereeld op sy oefenfiets in sy motorhuis. Daar is ook ’n sirkelroete van ongeveer 20 km in ’n woonbuurt wat hy ’n paar keer kan ry totdat die sweet hom aftap. Hy is ook deel van die Centurion-fietsryklub.

7 In Kobus se ouderdomsgroep was daar Sondag sewe deelnemers gewees. Hy het die afstand in ses ure en 28-minute afgelê. Kobus het aan die einde van die fietstoer gesê: “Ek voel vandag regtig trots op my prestasie.”

Aangepas van: Maroela Media,13 Maart 2023, Suné van Heerden

4.1 ‘Ek voel vandag regtig trots op my prestasie.’

Identifiseer die abstrakte selfstandige naamwoord in die bostaande sin.

A voel
B trots
C regtig
D prestasie (1)

4.2 ‘Hy oefen gereeld op sy oefenfiets in sy motorhuis.’

Die bostaande sin is ’n voorbeeld van …

A ‘n saamgestelde sin.
B ‘n bevelsin.
C ‘n enkelvoudige sin.
D ‘n vraagsin. (1)

4.3 ‘Daar is ook ’n sirkelroete van ongeveer 20 km in ’n woonbuurt.’

Kies ’n woord of woorde met dieselfde betekenis as die onderstreepte woord.

A min of meer
B gereeld
C soms
D dan en wan (1)

4.4 ‘Hy is ’n afgetrede vlugingenieur.’

Gee die teenoorgestelde betekenis van die onderstreepte woord.

A afgestorwe
B werkgewende
C werkende
D afwesige (1)

4.5 ‘Daar is ook ’n sirkelroete van ongeveer 20 km in ’n woonbuurt wat hy ’n paar keer kan ry totdat die sweet hom aftap.’

Identifiseer die tipe frase wat onderstreep is.

A bywoordelike frase van tyd
B bywoordelike frase van wyse
C bywoordelike frase van plek
D byvoeglike naamwoord (1)

4.6 Hy is ’n afgetrede vlugingenieur. Hy het hy die fietstoer voltooi.

Watter sin dui die korrekte gebruik van die voegwoord “nietemin” aan?

A Nietemin hy die fietstoer voltooi het, is hy ’n afgetrede vlugingenieur.
B Hy is ’n afgetrede vlugingenieur wat die fietstoer nietemin voltooi het.
C Hy het nietemin die fietstoer voltooi al is hy ’n afgetrede vlugingenieur.
D Hy is ’n afgetrede vlugingenieur nietemin het hy die fietstoer voltooi. (1)

4.7 “Hy was die oudste persoon wat op dié dag aan die fietstoer deelgeneem het.”

Kies die byvoeglike naamwoord in die bostaande sin.

A persoon
B fietstoer
C dag
D oudste (1)

4.8 ‘...saam met hul groep vriende elke jaar die wedren van 109 km aangepak het.’

Identifiseer die bywoord van tyd in die bostaande sin.

A elke jaar
B groep vriende
C aangepak het
D saam met (1)

4.9 Sy skoonseun het ook Sondag die fietstoer suksesvol afgelê.

Watter onderstaande sin is in die korrekte lydende vorm geskryf?

A Die fietstoer was ook Sondag deur sy skoonseun suksesvol afgelê.
B Die fietstoer is ook Sondag suksesvol deur sy skoonseun afgelê.
C Die fietstoer sal ook Sondag suksesvol deur sy skoonseun afgelê word.
D Die fietstoer word ook Sondag suksesvol deur sy skoonseun afgelê. (1)

4.10 Kies die korrekte gebruik van die homofoon in die onderstaande sin.

A Ek eet elke aand rys veral voordat ek deur die land reis.
B Ek eet elke aand reis veral voordat ek deur die land rys.
C My rys op my fiets deur die land maak my lus vir reis.
D My lus vir rys op my fiets maak my lus vir vleis op reis. (1)

4.11 ‘Die gogga het hom gebyt toe sy dogter en haar man saam met hul groep vriende die wedren aangepak het.’ (Paragraaf 3)
Wat is die korrekte betekenis van die onderstreepte frase?

A om geen belangstelling te toon en iets wat jou kan byt
B om min belangstelling te toon en iets wat jou kan byt
C om baie belangstelling te toon en iets wat jou kan byt
D om bietjie belangstelling te toon en iets wat jou kan byt (1)

4.12 Gee die korrekte betekenis van die afkorting ‘km’.

A kilogram
B kiloliter
C kilometer
D kilojoules (1)

4.13 ‘Hy is ook deel van die Centurion-fietsryklub.’

Watter opsie verduidelik die korrekte gebruik van die koppelteken in die bostaande sin?

A om uitspraakverwarring te voorkom

B om dubbelsinnigheid te onderskei

C om items op ’n lys te onderskei

D om lees van ‘n verbinding te vergemaklik (1)

4.14 Hy was die oudste persoon wat op dié dag aan die fietstoer deelgeneem het.

Die onderstreepte woord is ’n voorbeeld van …

A ’n betreklike voornaamwoord.

B ’n vraende voornaamwoord.

C ’n onpersoonlike voornaamwoord.

D ’n onbepaalde voornaamwoord. (1)

4.15 Watter woord is korrek gespel?

A oupa’s

B ouppa’s

C oupas

D ouppas (1)

4.16 In Kobus se oudersdomsgroep is daar sewe deelnemers.

Watter sin is in die korrekte toekomende tydsvorm geskryf?

A In Kobus se ouderdomsgroep sal daar sewe deelnemers gewees het.

B In Kobus se ouderdomsgroep kan daar sewe deelnemers gewees het.

C In Kobus se ouderdomsgroep kan daar sewe deelnemers wees.

D In Kobus se ouderdomsgroep sal daar sewe deelnemers wees. (1)

4.17 Hy het gesê: “Ek voel vandag trots op my prestasie.”

Watter sin is in die korrekte indirekte rede geskryf?

A Hy het gesê dat hy daardie dag trots op sy prestasie voel.
B Hy het gesê dat hy daardie dag trots op sy prestasie gevoel het.
C Hy het gesê dat hy vandag trots op sy prestasie gevoel het.
D Hy het gesê dat hy vandag trots op sy prestasie voel. (1)

4.18 Watter sin is ’n voorbeeld van stereotipering?

A Sommige oupagrootjies hou van fietsry.
B Sommige oupagrootjies behoort nie fiets te ry nie.
C Alle oupagrootjies behoort nie fiets te ry nie.
D Alle oupagrootjies hou van fietsry. (1)

4.19 Wat is die doel van ‘n inleidingsparagraaf?

A Die inleidingsparagraaf gaan oor die onderwerp van die teks.
B Die inleidingsparagraaf gaan oor die gevolgtrekking van die teks .
C Die inleidingsparagraaf gaan oor die slotsom van die teks.
D Die inleidingsparagraaf gaan oor die opsomming van die teks. (1)

4.20 ‘Oupagrootjie laat nog die speke sing’

Gee die letterlike betekenis van ‘speke sing’.

A Oupagrootjie sing baie terwyl hy fiets ry.
B Oupagrootjie sing terwyl hy fiets ry.
C Oupagrootjie ry sy fiets nog baie.
D Oupagrootjie se fiets sing nog baie. (1)

[20]

Einde van die toets